RINSAR CC

NUUSBRIEF NO 13 - NOVEMBER 2007

Posbus 143 / Kerkstraat 33
Colesberg
9795
Tel: (051) 753 0754
admin@rinsar.co.za

Colesberg Boere-unie

Die volgende vergadering sal gehou word op Dinsdag 5 Februarie 2008 by die Golfklub.

Wikus Kruger kan gekontak word vir verdere inligting by 0517531456.

Belastingfakture

Is daar enige onakkuraathede in jou belasting fakture? Jy kan aanspreeklik gehou word vir boetes, rente en selfs vervolging.

Is jy seker die belasting fakture wat jy ontvang is reg uitgereik en dat al SARS se vereistes op die belasting faktuur verskyn?

Indien SARS 'n BTW oudit op jou boeke uitvoer, is die eerste ding wat die ouditeure ondersoek, jou belasting fakture. Al is dit nie noodwendig jy wat die fout gemaak het nie, kan jy steeds aanspreeklik gehou word. Indien SARS se ouditeure foute vind, kan jy aangeslaan word en verantwoordelik gehou word vir die belasting betrokke, sowel as boetes en rente. Jy kan selfs vervolg word. Dit is te laat om jou fakture eers te betwyfel indien SARS se ouditeure jou of ons kantore besoek.

Die grootste afwyking wat ons raaksien wanneer kliënte se BTW verwerk word, is dat die koper se naam, adres en BTW nommer nie verskyn op fakture van R3,000 en meer nie. Maak seker jy versoek die verskaffer om hierdie inligting op jou belasting fakture aan te bring. Om die inligting na die tyd op jou belasting faktuur self in te vul, is nie die korrekte prosedure nie, aangesien die belasting faktuur met sy afskrif faktuur in die verskaffer se boeke moet ooreenstem.

Moet nooit die belangrikheid van belasting fakture onderskat nie. Indien jy inset BTW wil eis, benodig jy die korrekte belasting faktuur. Hierdie fakture moet ook vir 'n periode van vyf jaar bewaar word.

Kontak ons gerus vir die vereistes waaraan belasting fakture moet voldoen, indien u onseker is daaroor.

Dormant trusts and close corporations

A few clients have dormant trusts and/or close corporations. In the future will we send out a letter annually reminding the client of this dormant entity.

We, as a firm, need to be kept updated with any changes to the dormant status of this entities.

We charge a fee for the save keeping of all the relevant documents and information and submission of any required returns, if any.

Inset BTW op onthaal en reis onkostes – wat kan jy eis en wat nie.

Reis onkostes – jy kan BTW eis op:

- Verblyf, waar jou werknemer of jyself verplig is om uitstedig te vertoef ten uitvoer van besigheidsverpligtinge.
- Maaltye, waar dit deel is van die verblyf rekening.
- Vliegtuigkaartjies, indien vir binnelandse vlugte (BTW op buitelandse vlugte is nulkoers).
- Versekering op motorhuur.
- Tolhek gelde.

Onthaal – jy kan BTW eis op:

- Skoonmaakmiddels.
- Blomme vir ontvangslokaal.
- Mediese rekeninge van werknemers, indien jy daarvoor betaal.
- Promosie geskenke, byvoorbeeld 'n T-hemp met jou besigheid se logo daarop.

Reis onkostes – jy kan nie BTW eis op:

- Maaltye, waar jy by 'n aparte eetplek eet anders as die hotel/gastehuis waar jy bly of as jy kliënte uitneem vir ete.
- Vliegtuigkaartjies vir buitelandse vlugte.
- Motorhuur.

Onthaal – jy kan nie BTW eis op:

- Kantoorverversings vir die personeel.
- Personeelkafee, waar maaltye verniet verskaf word.
- Enige toerusting vir kombuise wat gebruik word vir personeelverversings, bv. mikrogolfoonde, yskaste en ketels.
- Jaareind funksies.
- Nie-promosie geskenke, bv. wyn en sjokolade.
- Persoonlike subskripsies, bv. golfklub fooie, gimnasium fooie, ens.

Wat om te verwag tydens 'n besoek deur inspekteurs van die Departement van Arbeid

Hulle is baie behulpsaam en altyd bereid om u leiding en raad te verskaf. 'n Besoek van 'n inspekteur kan dus as 'n geleentheid tot kommunikasie met die Departement van Arbeid beskou word. Die volgende word deur inspekteurs van die Departement van Arbeid ondersoek tydens 'n besoek aan u werksplek:

1. Is u geregistreer by die Vergoedingskommissaris.
2. Is u geregistreer by die Werkloosheidsversekeringsfonds.
3. Het u 'n afskrif van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en die verwante Regulasies op die perseel en is die Wet en Regulasies beskikbaar aan u werkers indien hulle dit wil lees.
4. Vertoon u die Opsomming van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.
5. Vertoon u die Opsomming van die Wet op Gelyke Indiensneming, indien van toepassing op u. (Meeste van ons kliënte hoef nie hieraan te voldoen nie).
6. Het u Gesondheid en Veiligheid Verteenwoordigers aangestel. (een vir minder as 10 werkers, 2 vir 10 werkers of meer).
7. Het u 'n Gesondheid en Veiligheid Kommitee in u werksplek. (indien u meer as een veiligheid verteenwoordiger het).
8. Is u werkers opgelei om gesondheid en veiligheidsprobleme te identifiseer?
    - Is bewegende dele soos gordels en kettings bewaak.
    - Word chemikalië veilig gebruik en word dit in 'n veilige plek bewaar.
    - Is nooduitgange sigbaar gemerk en maklik toeganklikbaar.
    - Is brandblussers toeganklikbaar en word dit gereeld gediens.
    - Word vlambare materiaal korrek gestoor en gebruik, byvoorbeeld nie naby vure nie.
9. Het u 'n ten volle toegeruste noodhulp kassie op u perseel.
10. Is alle elektriese drade behoorlik ge-issoleer en word behoorlike kragpunte in u werksplek gebruik.
11. Rapporteer u beserings aan diens aan die Departement van Arbeid.
12. Het u skoon en higiëniese toilette en was fasiliteite vir mans en vrouens.
13. Het u 'n aantekeningsregister by u werksplek.

Huisbediendes

Vanaf 1 Desember 2007 het die tariewe verander vir Area B, waarin ons val.

	Per uur	Weekliks	Maandeliks
Minder as 27uur per week	R 5,73	R 154,73	R 670,44
Meer as 27uur per week	R 4,85	R 218,34	R 946,04

Webwerf/website

Ons is besig om 'n webwerf vir ons firma te ontwerp, en ons beplan om relevante inligting daarop te plaas vir ons kliënte.

U kan dit besoek by www.rinsar.co.za

U kan ook let daarop dat ons e-pos adresse verander het as volg:

Sarel Wessels – swessels@rinsar.co.za
Karin Wessels – kwessels@rinsar.co.za
Kantoor – admin@rinsar.co.za

Ons dank u vir die jaar se vriendelike samewerking en hoop om nog baie jare tot u diens te wees.

Ons wens u 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe jaar toe.

We wish you a Merry Christmas and a Prosperous New Year.

U is welkom om ons te kontak oor enige punte genoem in hierdie nuusbrief of vir enige vertaling daarvan.

Sarel Wessels – 083 235 4612
Karin Wessels – 082 873 2338